**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH
VIR
- Deftige Mansklerasie
- Rakette
- Northampton Mansskoene

DIE
# Matie
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Parte is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL III, No. 12. VRYDAG, 28 MEI 1943. PRYS 1d.

# Gaan Maties Tukkies se Segetog Stuit?

## MATIES VASBERADE OM 1942-NEDERLAAG TE WREEK

### „Voetbal soos net Boer se Kind dit kan speel"

**Môre sal die twee grootste Afrikaner-Universiteite vir die tweede keer teen mekaar te staan kom op die voetbalveld. Die geesdrif waarmee beide die Tukkies en Maties hierdie wedstryd tegemoet sien is genoegsame waarborg van 'n uiters taai en opwindende botsing.**

Hierdie naweek sal dit weer baie bedrywig op Stellenbosch wees. Die Afrikaner Universiteit van die Noorde het besluit om Matieland binne te val, en soos ons uit betroubare bronne verneem, ons in ons eie hoofkwartier op alle gebiede deeglik af te ransel, soos verlede jaar op Pretoria.

Ons aandag sal natuurlik almal toegespits wees op die rugbybotsing môremiddag tussen die Maties en die Tukkies, en ons was baie bly dat Pretoria ten spyte van vervoermoeilikhede e.d.m. tog daarin geslaag het om die toer na die Suide te onderneem, want daar is nog 'n sakie wat ons met hulle wil vereffen. Môre se wedstryd sal weer 'n volbloed-Intervarsity wees, en ons kan verwag dat die stryd op die veld miskien nog baie harder sal wees as teen Groote Schuur, want Flip Slabber en sy maats is vasberade dat hulle eerder voor Groote Schuur die knie kan buig as voor Tukkies. Nee, hier op eie velde moet hulle nou ten enemale vir goed deeglik die les geleer word.

Die pawiljoen wat veertien dae gelede deur Groote Schuur beset was, word môre weer aan die ondersteuners van Tukkies afgestaan. Verder sal die O.K.P.-besoekers ook hulle lot by die Pretorianers inwerp om te help sing en om Tukkies te help aanmoedig op die voetbalveld. (Hoe zijn de helden gevallen?). Mnr. H. Grové van Groote Schuur sal optree as dirigent. Heelwaarskynlik sal hulle hul pawiljoen ook met Tukkies se kleure versier.

Die Matie-pawiljoen sal natuurlik daar weer net so pragtig versierd uitsien soos teen Groote Schuur, en Louis Duvenage is glo van plan om die sangers op die pawiljoen skoon poot-uit te laat sing hierdie slag. Hy meen dat hulle nog te fris was na die onlangse Intervarsity.

In elk geval ons kan uitsien na 'n interessante naweek, en veral na 'n puik rugbywedstryd môremiddag met al die nodige en gebruiklike lawaai en skerts.

Vanmiddag kom die besoekers uit die Noorde hier aan. Laat ons hulle gedurende hulle verblyf hier in Matieland laat tuis voel, sodat as hulle Maandag weer na die noorde terugkeer hulle sal kan se: „Die Matievisse is in elk geval 'n lekker klomp."

En waar die verskillende spanne teen mekaar sal optree: veg skoon maar veg tot die bitter einde toe, want weens die besondere plek wat Stellenbosch se voetbalspelers en ander sportlui in die studentelewe en in die oë van die publiek inneem, rus daar 'n besonder verantwoordelikheid op hulle teenoor die naam van hul klub en Universiteit.

### MATIES KOMAAN!

- **Ontvang die Tukkies hartlik.**
- **Laat die Tukkies tuis voel.**
- **Onthaal die Tukkies gasvry.**
- **Gee mekaar die hand, en stry 'n goeie stryd!**

## Gaan Ons Wen?

Soos ons verstaan kom Tukkies met net so'n sterk span hierheen as wat hulle verlede jaar teen die Maties op Pretoria in die veld gestoot het. Trouens dink ons die span is nog ietwat sterker, want hul het die dienste bygekry van P.U.K. se twee puik senters van verlede jaar.

Alhoewel die Matie-vyftiental goeie rekenskap van hulleself tot dusver gegee het, het hulle nog nie juis die indruk geskep dat 'n mens maar agteroor kan sit en sê: „Kyk, daar het jy nou 'n span wat hulle weg tot oorwinning oop sal spook, al gebeur wat ook al." Dit het verlede Saterdag se wedstryd teen Bellville nog bewys.

Dis veral by die Maties se agterspel waar hulle sal moet opknap. Peet v. d. Walt lewer op die oomblik wel verdienstelike spel, maar Hannes de Villiers en Koos Brink sal môre moet sorg om laag te vat en sekuur te verdedig, sodat daar geen lekplekke bly nie, want as Tukkies se twee vinnige driekwarte, Oberholster en Marx, eers kans gekry het om by hulle verby te skiet, kan die Matie-span maar agter die pale gaan wag vir die vervyfskop. Tukkies het ook 'n uitstekende skakelpaar in Apie de Villiers en Vorster, 'n baie vinnige en ratse losskakel. Tukkies is egter nie so goed daaraan toe wat vleuels betref nie, en dit lyk of ons twee staatmakers, Dollie du Plessis en Piet White, as hulle in besit gestel word, 'n kans het om die skaal miskien na ons kant toe te laat swaai.

Verder beskik Tukkies oor nog 'n knap agterspeler, nl. Martin Coetzee (heelagter). Gerugte wil dit hê dat hy vanjaar eers reg op sy stukke is, en as dit die geval is, sal ons aanvalsmasjien uitstekend moet werk om hom te uitoorlê. Hy is ook 'n uitstekende skopper — dit is nog vars in ons geheue hoe hy Tukkies verlede jaar met twee wonderlike skepskoppe die oorwinning besorg het. Dit wil dus lyk asof die Matie-agterhoede maar bra op hulle pasoppens sal moet wees vir Pretoria.

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

## DEKADE-KONGRES VAN DIE A.N.S.

### Stigting Word Feestelik Herdenk

#### Groot Sametrekking op Potchefstroom

**Die A.N.S. — die enigste verteenwoordigende Studentebeweging van die Afrikanerdom — is vanjaar 10 jaar oud. Die beweging is op 'n klein skaal begin in 1933 met 'n kongres wat op Potchefstroom gehou is. Na 'n dekade van ongekende groei en bloei word 'n groot feeskongres op Potchefstroom vanaf 3 tot 6 Julie belê, waar die stigting van die A.N.S. op waardige wyse herdenk sal word.**

Enigiemand wat op een of ander stadium met studentesake en -organisasies te doen gehad het, weet hoe moeilik dit is om 'n beweging of vereniging uitsluitlik vir studente te stig wat selfs 'n betreklike mate van permanensie met die verloop van jare sal behou. Met die kom en gaan van agtereenvolgende studentegeslagte verflou die geesdrif, verval vroeëre studentesedes en beskouinge in onbruik, word aan die jongste modegrille toegegee... soos die spreekwoord tereg te kenne gee: *tempora mutantur, et nos mutamur in illis.* In die geskiedenis van die studenteunie van U.S. hoef ons slegs die geval van die Uniedebatsvereniging te noem. Na 'n gevierde bestaan van bykans 40 jaar moes hierdie vereniging ook swig voor 'n tydsgees wat nie meer die ereplek aan rustige bepeinsing en onderlinge bespreking in die studentelewe afstaan nie.

En die A.N.S.? Ook hierdie organisasie kan op 'n tiental jare wat verby is terugsien. Maar daar is 'n oneindige verskil tussen sy bestaansgronde, en dié wat met debatsverenigings en dergelike meer verband hou. Die A.N.S. is geen voortvlugtige studentebeweging, gebore uit die impuls van een of ander verbygaande studentegril nie. *Die A.N.S. staan vir dieselfde dinge as wat die Afrikaner in die breë volksverband beoog. Solank hy die draer en vertolker van hierdie volksetos bly, is hy in werklikheid onvernietigbaar. Konstitusiepunte, formules, prosedure, ens., mag verander, maar die wese van die organisasie bly dieselfde.*

### WELKOM TUKKIES!

**Welkom in Matieland! Dis vir ons waarlik 'n voorreg om julle hier te ontvang. Hiermee het julle dan ook geslaag om die bande wat ons bind, te versterk. Mag hierna die skakel tussen die Afrikaner in die Noorde en Volksgenote in die Suide altyd stewiger word! Maak julle tuis, en kuier lekker!**

Dit skyn of die jare van *Sturm und Drang* in die geskiedenis van die A.N.S. altans voorlopig verby is. Hy hoef nie meer te stry vir sy voortbestaan teen negrofilistiese en empire-gedoentes soos die N.U.S.A.S. nie.

**Sy stryd teen die Afrikaner-liberalisme gaan nietemin onverpoosd voort. Meer positief gestel is die taak van die A.N.S. in die volgende dekade die uitwerking en verwerkliking van die grootse volksbeweging-ideologie.**

Die a.s. kongres word gehou met „*Die Volksbeweging en Arbeid as Volksdiens*" as onderwerp. Die sprekers is o.a.: —

1. Die Volksbeweging en die Arbeidsbegrip (Volksdiens): *Dr. N. Diederichs.*
2. Die Volksbeweging en Beroepsarbeid: *Dr. D. G. Franzsen.*
3. Die Volksbeweging en Vrouevolksorg: *Dr. G. Cronje* en *Mev. Serfontein.*
4. Die Volksbeweging en Arbeidsdiens: Die Ere-president van die A.N.S., *Dr. J. F. J. van Rensburg.*

Elke A.N.S. lid van U.S. moet probeer om hierdie geskiedkundige volksbeweginkskongres by te woon. Veral diegene wat in die Noorde woonagtig is, moet hierdie kans nie laat verbyglip nie. Alle besonderhede en name van kongresgangers moet by die A.N.S.-sekretaris ingehandig word.

**Hoofkwartier**
— VIR —
**Sportsmanne!**

Maties! kom "brag" met die Tukkies by die SUIKERBOSSIE Melksalon oor 'n lekker koppie koffie wat julle met hulle gaan doen.

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILMAKER.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my vooltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**INSPAN!**

*Waar gaan dit?*

Ons gaan Koffie en Pannekoek geniet in

**DIE UITSPAN**

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFEE**
(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**
Foon 0013.

*"My Favourite Blonde"*
MADELEINE CARROL
en
BOB HOPE

*Vrydag en Saterdag, 28 en 29 Mei*

Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**HeerlikeVars Vrugte**
*by*
**J. G. Canaris**

## DIE MATIE

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
REDAKTEUR,
Dagbreek.

Deel III. 28 Mei 1943. No. 12.

## OOM PIET JOUBERT.

Verlede week is in *Die Matie* 'n berig gepubliseer van 'n O.B.-vergadering wat toegespreek is deur Oom Piet Joubert, oud-Volksraadslid van die Suid-Afrikaanse Republiek en vir 'n tydjie Waarnemende President van die Z.A.R. Oom Piet is dus die enigste oorlewende President van een van die twee Boere-Republieke.

As twintigjarige jongman het Oom Piet sy vuurdoop ondergaan by die slag van Bronkhorstspruit in die Eerste Vryheidsoorlog, en daarna deelgeneem aan die seëvierende slae van Laingsnek, Ingogo en Majuba.

Met die slag van Majuba is die oorlog wat teen die geweldige oormag van Groot Brittanje aangeknoop is met die geloof in die seëviering van reg en geregtigheid, beëindig. Hierdie oorwinning het die grondslag gelê vir die opbouing van 'n onafhanklike Afrikanervolk en by die Boere die geloof in die lotsbestemming van hulle volk versterk.

Ook in die Tweede-Vryheidsoorlog was Oom Piet tot die bittere einde in die veld teen die vyand wat die jong onafhanklike Boerestaatjies die reg van eie ontwikkeling en selfregering misgun het.

Na die Versailles van die Afrikanervolk — die Vrede van Vereniging — waarby die Transvaal en die Vrystaat hulle swaargekogte onafhanklikheid moes prysgee en dit vir die Afrikaners gelyk het asof alles wat tot sover opgebou is, vernietig is, het 'n aantal Boere, waaronder Oom Piet, wat nog besiel was met die vryheidsideaal, hulle gevestig in Tanganjika, vanwaar hy nog gedurig in voeling gebly het met die landstoestande deur middel van gereelde besoeke, en die stryd voortgesit het deur o.a. die teboekstelling van sy herinnerings, ens.

In die Volksbeweging-gedagte sien Oom Piet die herlewing van dit waarvoor hulle destyds hulle goed en bloed geoffer het. In hierdie gedagte vind hy die voortsetting van die ontwikkeling van die Afrikanervolk op die fondamente gelê deur hulle wat op die slagvelde en in konsentrasiekampe moes sterf vir hulle ideale.

Oom Piet het dus volkome vertroue in die stryd van A.N.S. en hy knoop dit vas aan die grootse verlede wat hy deurgeworstel het. Ons moet die drade uit die vryheidstryd van die verlede vasvat en dit verder dra.

**Daar is reëlings aan die gang om Groote Schuur Maandag teen U.P. op Coetzenburg te laat speel. Dit sal sommer ook beslis watter van die Afrikanerspanne van die drie Universiteite die sterkste is. Ons hoop die wedstryd vind plaas!**

## U.S. Debatsvereniging

Môreaand, Saterdag, 29 Mei, om 7.30 n.m., in die Huishoudkundesaal, word onvoorbereide toesprake rakende Stellenbosch-aangeleenthede deur die volgende persone gelewer:

Mnre. P. Truter, I. Raubenheimer, M. S. Louw, J. J. Visser, J. Coetzee, H. Marais, G. Botha, David v. d. Merwe, mejj. R. Botha en A. Uys, en vele andere.

Daar sal ook 'n uitstekende program van musiek en voordragte gelewer word.

# *Die Oorlog*

## DIE CHURCHILL-TOESPRAAK

### *Deur Prof. J. A. Wiid*

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Dit het veral gedurende die huidige oorlog van „bloed en staal" gewoonte geword om ook met papierbomme te veg. Regeringshoofde van oorlogvoerende lande steek af en toe lang toesprake af wat deur middel van pers en radio die grootste mate van publisiteit geniet. Nog dae later sonder onderbreking word deur kommentaar in die pers en oor die radio aan dergelike toesprake geherkou. Ondanks al die gefladder wat hierdie papierbomme veroorsaak, is geen sienersblik daarvoor nodig om reeds nou al te konstateer, dat dergelike toesprake 'n baie beskeie plekkie sal inneem onder die bronne-materiaal wat die wetenskaplike geskiedskrywer van die toekoms vir 'n geskiedeniswerk oor die huidige oorlog, sal kan gebruik. Nie vir die geskiedskrywer nie, maar vir die skrywer van 'n verhandeling oor propaganda sal dergelike toesprake toekomstige waarde besit. Immers hieruit sal geleer kan word hoe hierdie of daardie regeringshoof daarin geslaag het om onder eie geledere die blink kant bo te hou, die wankelmoediges te versterk, die oor-optimiste tot nugterheid te maan, die barste tussen bondgenote toe te smeer, nie op die tone van gevoelige bondgenote of neutrale lande te trap nie en om die vyand so veel moontlik bang te praat sonder om geheime te verklap. Dit alles vereis 'n handigheid wat deur geen propagandadiens versmaai sal word nie.

### CHURCHILL HOOPVOL, MAAR . . .

Onder dergelike toesprake behoort ook die jongste een van Churchill voor die Amerikaanse Kongres. Hy is baie hoopvol oor die verdere verloop van die oorlog, maar hy wys ook op die gevaarpunte. Aan „die swaar beproefde en lang gekastyde China" stel hy in die vooruitsig „doeltreffende en onmiddellike hulp as een van die dringendste gemeenskaplike take van die Geallieerdes". Maar die saak is egter nie so eenvoudig nie, want eers moet Duitsland verslaan word. „Die nederlaag van Duitsland sal met sekerheid die ruïnasie van Japan beteken." Ook oor die bestryding van vyandelike duikbote is hy hoopvol „hoewel die duikbootgevaar nog die grootste is waarmee ons te kampe het". Dit is veral oor die eie lugoffensief dat Churchill baie hoopvol is. Die Geallieerdes sou nie alleen „oor baie meer vliegtuie" as die vyand beskik nie, maar dit is ook „ons vaste beleid om dit vir Duitsland onmoontlik te maak om in Duitsland, in Italië of in enige van die vyandelik-besette lande met enige grootskaalse of gekonsentreerde vorm van oorlogsnywerheid voort te gaan." Tog gee Churchill ook toe dat „opinies verdeeld is oor die vraag of die gebruik van lugsterkte alleen die ineenstorting van Duitsland en Italië teweeg kan bring." Oor die Noord-Afrikaanse oorwinning is hy natuurlik welsprekend, tog verwys hy terloops daarna dat Rusland 218 Spil-divisies besig hou teenoor slegs 15 divisies wat in Tunisië vernietig is. Dit sou 'n „aanduiding wees van die Russiese poging en die dank wat die Geallieerdes aan hulle verskuldig is." Hy voorspel 'n derde Duitse poging „om die hart en die gees" van Rusland te breek, maar oor die uitslag is hy baie hoopvol en die Amerikaans-Britse bondgenote „moet alles denkbaar en uitvoerbaar in hul vermoë doen om in 1943 meer van die gewig van Rusland af te wend."

### CHURCHILL OOK MINDER OPGEWEK, MAAR . . .

Churchill het sy toespraak nie juis opgewek beëindig nie. Hy „wil nie verantwoordelik gehou word vir enige bewering dat die oorlog gewen is of dat dit binnekort beëindig sal wees nie." Dit, na byna vier jaar van oorlog en na al die menigvuldige voorspellings dat die stryd binne hierdie of daardie tyd, in hierdie of daardie jaar beëindig sal wees!

Churchill gaan egter verder: „Ons het baie ernstige gevare te bowe gekom en daar is een ernstige gevaar wat ons tot die einde toe sal vergesel. Daardie gevaar is die onnodige uitrekking van die oorlog. Niemand kan voorspel watter nuwe verwikkelings en gevare miskien voor die einde van nog vyf jaar van oorlog kan ontstaan nie, en lit is in die uitrekking van die oorlog teen reusagtige uitgawes totdat die demokrasieë afgemat, verveel of verdeeld is dat die vernaamste hoop van Duitsland en Japan tans moet setel."

Op twee Churchillse gedagtes verdien hier gelet te word. Die eerste is dat tyd, vroeër altyd 'n bondgenoot van die Geallieerdes, nou oorgeloop het na die vyand en dat 'n ineenstorting van die Spil-magte nie voor die deur staan nie. Die tweede gedagte is dat daar onder die Geallieerdes ook verdeeldheid kan kom. Op watter verdeeldheid sinspeel die Britse Premier hier? Is verdeeldheid miskien een van die oorsake waarom afgesante van die Bolsjewistiese en Chinese bondgenote nooit aan die gewigtige besprekings tussen Roosevelt en Churchill deelneem nie?

Aan die sombere slotgedagtes van die Britse Premier behoort egter nie te veel waarde geheg te word nie. Dit is waarskynlik dat Churchill, in 'n vlaag van welsprekendheid, hom weereens skuldig aan oordrywing gemaak het soos vroeër, volgens die bewering van die Britse professor Harold Laski in sy werk „Parliamentary Government in England" wat in 1938 verskyn het. Die eindoorwinning is tog seker, so verseker Churchill ons.

## U.S. Sosiologiese Vereniging

Mnr. Willie Marais, van Tokai, sal Dinsdagaand, 1 Junie, om 8 n.m., die Sosiologiese Vereniging van U.S. toespreek i.v.m. die inrigting.

Almal is welkom.

Mej. Phoebe Sinclair, wat onlangs geopereer is, is weer op die been, maar is nog nie instaat om klasse by te woon nie.

* * *

Mnr. D. J. Kriel, Registrateur van die Universiteit, gaan met nege maande verlof vanaf 1 Julie 1943 tot 31 Maart 1944. Intussen sal mnr. H. P. Dekker as agerende Registrateur optree en sal mnr. A. J. Lubbe as sy plaasvervanger optree. Verder is mnr. J. R. B. (Tol) de Villiers gedurende hierdie tydperk as addisionele klerk op die administratiewe personeel aangestel.

* * *

Mnr. Guy de Klerk, Groote Schuur se dirigent, was weereens op Stellenbosch gedurende die naweek. Hy het saam met mnr. Botha oorgekom.

**Rook Springbok-Sigarette**

## „EX LIBRIS"

### Ds. T. N. Hanekom.

....„en daar kom ook 'n arm man in met vuil klere aan" (Jak. 2:2).

Daar is mense, en sommige van hulle ook goeie mense, wat beswaar het teen hierdie tekswoord. En 'n mens kan hulle standpunt verstaan! Want wat hier deur Jacobus as eis gestel word, bots lynreg met ons gewone maatstaf van waardering vir die menslike lewe. Ons belangstelling, ja ons agting en respek ,word opgevorder vir iemand wat heeltemal ontsink het aan die laagste lewenspeil selfs. Hy is arm, 'n bedelaar, wat al sy besittings verloor het, en ook sy selfrespek. Daarom is sy klere nie net stukkend nie, maar ook vuil. In die oorspronklike taal staan daar selfs nog 'n veel sterker uitdrukking. Ons lees daar van 'n „pauper in sordido habitu," volgens die Latynse vertaling, woorde wat ons ook kan vertaal met „'n verarmde met smerige flenters aan." Dit is duidelik dat hierdie man, wat Jacobus by ons aanbeveel, iemand is wat letterlik alles verloor het wat die lewe die moeite wêrd maak en hom by ons aanbeveel. Aan hom is daar niks meer, waarom ons hom sal respekteer, wat nog te sê liefhê nie.

En tog.... dit is wat Jacobus van ons verwag. Maar dan moet ons hom nie misverstaan nie. Hy vra nie dat ons onsself moet verneder tot daardie diepgesonke mense nie, maar dat ons moet hoër klim in ons waardering van die lewe, en in daardie versonke gestalte moet sien en eer die beeld van sy Skepper. Agter die flenters en die toiings, hoe smerig ook al, is weggesteek 'n mens, 'n skepsel van God; en in die bedelaarslompe loop oor ons weg 'n wese wat 'n uitdaging stel nie vir ons nederigheid nie, maar vir ons geloof en ons liefde beide. Ons ontmoet hom byna elke dag, veral op Saterdagmôre, versonke en dikwels beskonke op ons strate. Somtyds is hy 'n arme kleurling, en somtyds 'n arm Afrikaner, bloed van ons bloed!

Jacobus het ook vir ons as Afrikanervolk iets te sê, veral met die oog op meer as driehonderd duisend van ons eie volksgenote, wat wegsink benede die beskawingsvlak. Ons het behoefte aan 'n ander beskouing oor hulle en 'n ander houding teenoor hulle, ook by ons wat gelowiges is. 'n Volk kan hoog en groot wees, al het hy geen kunswerke van groot betekenis voortgebring nie, maar nooit kan en sal 'n volk groot wees as by hom die barmhartigheid ontbreek nie.

## Brahms

Brahms, byna 'n unieke figuur van die 19e eeu, word dikwels na verwys as die laaste van die klassieke meesters. Hierdie trotse titel kom hom toe as komponis. Gebore in Hamburg in 1833, is hy opgelei in strenge kontrapunt deur 'n beroemde leermeester, Marxsen, en, nooit in staat om sy onderwys te vergeet nie, het hy voortgegaan met hierdie kontrapuntiese styl tot die einde van sy dae.

Toe hy nog jonk was, het hy onder die invloed van die groot romantikus, Robert Schumann gekom. Hy mag wel in die romantiese stappe van Schumann gevolg het, as dit nie was vir sy strenge musikale opleiding nie. Die rede het steeds by Brahms 'n groot rol gespeel. Voordat hy vyf-en-twintig was, het hy, met 'n artistiese moed merkwaardig vir een so jonk, die ouer vorms van musiek gekies teneinde homself uit te druk. Hy het dus elke versoeking weerstaan om die nuwe romantiese rigting waarin komponiste soos Schumann, Liszt, Chopin, Berlioz en Wagner beweeg het, te kopiëer. In die ouer vorms, soos geskep deur die klassieke komponiste, het hy sy musikale siel gestort, en meesterwerke voortgebring wat getuig van groot indiwidualiteit en skoonheid.

Vir meer as twintig jaar het hy gedink oor sy eerste Simfonie. Toe dit in 1876 verskyn het, is hy onmiddellik geproklameer as die wettige opvolger van Beethoven.

Brahms se sterkte as komponis lê in die skoonheid en kragtigheid van sy melodieë, (dink aan sy liedere, sy klavierkonserte); die meesterlike beheer oor sy materiaal en die grootsheid van sy konsepsie oor die algemeen. Die wêreld is hom dankbaar dat hy die pad van askese gevolg het, terwyl al sy musikale tydgenote steeds ge-eksperimenteer het met nuwer en nuwer vorms van uitdrukking.

## PLATE-PROGRAM

### Sondagaand, 8.15 n.m.

*"Great Music is the Handwriting of the Complete Man."*

Eerskomende Sondagaand sal daar nie 'n lang orkestrale werk of die gebruiklike simfonie aangebied word nie, maar sal daar 'n program wees van bekende en ook onbekende arias uit verskillende operas.

Die doel van die program sal wees om u te laat kennis maak met arias uit verskillende operas van komponiste wat groot naam verwerf het op daardie gebied. Ook sal daar getrag word om goeie sangers aan u voor te stel by die vertolking van die arias, sodat u die geleentheid sal hê om goeie sang te kan hoor en na uitstaande vertolkings te kan luister.

Die sangnommers sal afgewissel word deur overtures.

(1) Overture tot „le Nozze di Figaro" (Mozart).

(2) Slot trio uit „La Forza del Destino" (Verdi) gesing deur Martinelli, Ponselle, Pinza.

(3) „Casta Diva" uit „Norma" (Bellini) gesing deur Ponselle (sopraan).

(4) Voorspel tot „La Traviata" (Verdi).

(5) „Solenne in quest'ora" uit „La Forza del Destino" (Verdi) gesing deur Gigli en de Luca.

(6) „Nium mi tema" uit „Othello" (Verdi) gesing deur Zanelli (tenoor).

(7) „Polonaise" uit „Mignon" (Thomas) gesing deur Dal Monte (sopraan).

(8) Voorspel tot „La Traviata" (Verdi).

(9) Walz scéne uit „Der Rosenkavalier" (Strauss) gesing deur Kipnis (bas).

(10) „Und du Mein Holder Abendster" uit „Tannhäuser" (Wagner) gesing deur Schlusnuss (bariton).

(11) „Softly awakes my heart" uit „Samson ét Delilah" (Saint-Saens) gesing deur Anderson (Contralto).

(12) Pelgrimskoor uit Tannhäuser (Wagner).

## Nuwe Akademiese Jaar

### Meer Werk; Minder Vakansie

Vanaf 1944 sal die bestaande akademiese jaar van 33½ weke tot 35½ weke verleng word. Gevolglik sal die offisiële opening van die Universiteit vir die jaar 1944 op Saterdag, 19 Februarie plaasvind, en neem die klasse 'n aanvang op Maandag, 21 Februarie. Die akademiese jaar sal dan afsluit op Donderdag, 7 Desember 1944.

## Onder Onsies

Mej. G. Donges het verlede week 'n blindederm operasie ondergaan in die plaaslike hospitaal.

* * *

Mnr. Hennie Grové van U.K. wat vroeër op Pretoria was, sal Saterdag met Intervarsity optree as Pretoria se dirigent.

* * *

Mnr. N. Viljoen het verlede Saterdagaand sy vriende op 'n partytjie onthaal by geleentheid van sy mondigwording.

* * *

Mej. A. van der Spuy was verlede naweek by haar suster in Son-op tuis.

* * *

Mej. O. B. de Kock, oud-Matie, was verlede naweek in Matieland. Sy werk tans in Kaapstad.


The Stellenbosch Stationery Store

vir

BEKOORLIKE GESKENKE

Nuwighede van alle soorte,

Deftige Skryfbehoeftes

en

MODEBOEKE.

A. DOWSON,

Andringastraat, Stellenbosch.

Alfred Blommaert,

(Foon 48 en 176)

Kerkstraat,

STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE

- - YSTERWARE - -

- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

*Vir die maak van u volgende*

○ Paar Sandale

○ Stewels

○ Skoene

*besoek*

LUBBE

*die deskundige skoenmaker en repareerder*

HENDRIKZ

vir

★ Elektriese Benodighede

★ Radio Reparasies

Langs

Voortrekker Apteek

*Ondersteun die Alombekende Suid-Afrikaanse MUSIEK-FIRMA.*

Beroemd vir Diens en Kwaliteit van Benodighede

R. MÜLLER

(Eiens.) Bpk.

h/v Kasteel en Burgstrate, KAAPSTAD

en

Pleinstraat, STELLENBOSCH.

*Maak Kennis met die*

Nuwe

Volkspele

Opgestel deur Hester Morrison

(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)

Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur

M. L. de Villiers

Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,

PRO ECCLESIA-DRUKKERY

Posbus 28, Stellenbosch

of by u Boekhandelaar.

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE

KWV

DRUIWESAP

*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

AVBOB

116 Takke — 44,000 Lede

Reserwefonds £113,000

●

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65

BLOEMFONTEIN

●

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Rook Springbok-Sigarette

